Ps. ~~105:1,2~~ 147:1,3 **Die Huis wat die Here nie kan Bou.** P. | Ouers- Kindersondag 7 Aug. 55
Ps 89: 2,6.
Ps.105: 3,5

Ps. 127.

Ges. 93
Ps. 144:12
Tienergeefs

Ps.127:1- As die Here die huis nie bou nie, werk dié wat daaraan bou.

Ons wil die diens by geleentheid v. hd. Ouers- en
Kindersondag ~~begin~~ inlei deur die blye aankondiging:
Goddank, die Here wil elke huis op aarde bou! Want
dis Hy wat gesê het: „Dis nie goed dat d. mens
alleen is nie" en toe vir hom 'n hulp gemaak het
wat by hom pas. Dis Hy wat a.d. eerste mensepaar
d. godd. bevel gegee het van: „wees vrugbaar,
vermeerder, vul d. aarde". Dis Hy wat in Sy
tyd gedurig Sy seën uitspreek oor d. huisgesin
wat God vrees.

Deur d. eeue heen was dit dan ook d. trots en
d. vreugde van Christene om hulle huisl. lewe as
'n voorbeeld daar te stel, om hulle kinders op
te voed tot eer van God, om d. familiebande
heg en stewig te hou. Waar d. wêreld nie geglo
het i.d. heiligheid v.d. huwelik, waar d. wêreld
nie omgegee het vir die bewaring van gesonde
huisl. verhoudinge nie, daar was dit altyd
die Xtene as groep wat gesê het: nee, vir ons
is hd.-dinge heilig! Ons kan daar nie mee
speel nie, en ons laat daar nie mee spot nie!

Vandag oefen die Xtene as groep nie meer
hd. groot behoudende en suiwerende krag
uit nie, omdat die ernstige verlaging van m
standaarde ook Xtene se huise geraak het,
omdat d. strome v ons tyd wat baie ^ander huise
se fondamente laat wankel, het so sterk
gespoel a.d. fondament v. baie Xtel. huise. Dank
God: daar is nog altyd meer huisgesinne v. Xtene
~~wat nie~~ as v. wêreldlinge wat standhou & sterk
staan — maar dit sê nie baie as ons dink
a.d. ernstige tekens v. huisl. verval:

Die vraag is: wil God dan nie meer help? Magteloos? Moderne lewe te moeilik en ingewikkeld – selfs vir God?

Nee: d. antwd elders soek. Erken: God d. Here sekere vaste voorskrifte gegee & voorwaardes gestel i.v.m. d. huisgesin – moet gehoorsaam of... Erken: Sekere huise wat die Here nie kan bou

I Huis sonder kinders: Verwys hier nie na egpare wat kinderloos is hoewel hulle baie graag kinders wou hê of na ouers wat om mediese gesondheidsredes nie meer kinders mag hê. Verwys hier na d. mense wat kinders kan hê maar hulle nie wil hê nie hoofsaaklik omdat hulle redeneer: „Ons het een of twee – dis genoeg"; „Kan nie meer as een of twee bekostig nie – die lewe is te duur"; „Wil eers nuwe meubels of ander ~~[illegible]~~ geniet. Koop – kind moet nou wag"

Antwd: ① Statistieke wys: hoe hoër d. inkomste – hoe kleiner kindertal (gemeente Pta gemidd. inkomste £1000–1500 – 1·7 kind)

② Baie egpare: sien kans vir radiogram van £100–£150 – verkies sy dooie stem bo lewende kinderstem

③ Getuienis v. ouers met groot gesinne: God sorg vir d. behoeftes v. elke kind ]

Nadelige gevolge: ① vir kind in klein gesin – selfsugtig

② ouers:

③ volk:

④ blankes in S.A.:

II Huis sonder 'n moeder: Klink so hopeloos teenstrydig – kan mos nie 'n huis wees sonder 'n moeder nie! Tog is dit waar. Ons bedoel hier egter nie die huis waar 'n moeder dood is nie, nr. die huis waar d. moeder meestal afwesig is as haar kind haar kom soek en haar raad en liefde so nodig het! Ons bedoel die moeder [wat buitenshuis] wat altyds werk. Twintig jr gelede was hd. verskynsel in ons volkslewe onbekend – vandag 'n alledaagse feit. Gegrond en geregverdig deur volg. argumente:

① Hoë lewenskoste: help man om een of ander groot geld. verpligting na te kom

② Wil graag kinders meer voorregte gee as wat d. man se normale salaris toelaat [of as wat ouers gehad het]

③ Huish. werk te stil, eentonig – het goeie bediende tuis wat na d. kinders kyk"

Antwd: Wil my sê nie sluit vir moeil. geld. omstande wat sommige moeders dwing om tydelik altyds te werk nie. Ook nie vir my om d. vinger te wys na enige moeder met kinders in huis en sê: „Jy sondig teen God" maar mag ons oë nie sluit vir ... :

① ~~Gee~~ ~~[illegible]~~ Wat ookal d. argumente vir indiv. gevalle en dwingende staan was: Huis met kinders waar [vader en] moeder, [selfs altyds] werk verloor meer as wat dit wen

② Ons valse hoë lew. standaard wat maak dat ons baie dinge as noods. sien wat eintlik luukse is – oorbodige

③ Onberekenbare skade aan kindersiele wat smag na beskerming, sekuriteit, veiligheid en dit nie kry waar huis leeg is (vd. Walt – Loopspruit).

Kinders se stel: Is dit werklik nodig? Kan ek nie op kry dinge baie meer as wat ek werk? My. kinders ook?

III Huis sonder 'n priester: Vader se posisie in lig van Gods Wd: die priester in sy huis wat optree in d. naam v God. As priester is hy d. hoof v.d. gesin a) wat moet sorg vir d. daagl. brood-voorsiening v.d. huisgesin; b) wat moet sorg vir die handhawing v.d. tug teenoor sy kinders en die bewaring van d. deugde v gesag en eerbied in d. gemoed v.d. kind voor d. ouer.

Teestande vd: Gebrek aan eerbied vir ouer omdat kind d. tug nie ken nie - Baie ouers bang vir d. raede - gee aan of hulle kinders se grille en nukke toe ipv. te tem waar nodig! Gevolg: alle gesag d/mee heen // Kind wat nie respek het vir ouer, gesag erken v. ouer - ook nie vir God!

Wat van dié vaders wat hulle priesterskap bestrap deur hulle sinverkeinde inkomste gaan uitdrink met geld wat God bedeel het vir moeder en kinders! Smart en ellende oorhand in baie huise in ons gemeente!

IV Huis sonder altaar: Teks. Baie dinge kan ontbreek & nogtans kan d. Here d. huis bou. Nie sonder IV is geen huis in Gods oë 'n huis: plek v. aanbidding . . . .

Voorwaarde vir geseënde beekevat: lewe vader & moeder

Besware sommige: ① nie tyd
② nie geoefen.

Slot: Onthou: God verlang met sy hele hart om met u saam te werk om U huis te kan.

Ps. 127:2 Slot.